Maandelikse gemeentebrief - Julie 2017

Toe ek gaan sit het om hierdie brief te skryf was my eerste gedagte om iets oor musiek te skryf, want daar is altyd musiek in my kop. Maar ŉ ander gedagte het na vore gedring, na aanleiding van wat ek in een van die gesinstydskrifte gelees het. Die redakteur skryf oor armoede en vertel hoe sy as kind op ŉ keer vir haar pa gevra het hoe hulle ou skoene kan weggee as hulle nie eens weet watter grootte skoen die ontvanger nodig het nie. Haar pa het in ŉ hartseer stem geantwoord "'n arm mens het nie size nie, my lief". Sy skryf sy het later besef dit gaan nie daaroor of die gebruikte skoene die mense se voete pas nie, of oor die reuk van lekker nuwe skoene of oor ŉ warm bed om in te slaap nie. Daardie hoop het lankal beskaam. Dit gaan net oor oorlewing. Selfs hul menswaardigheid raak verlore. Ek sien gereeld hoe mense die vernedering van bedel probeer oorbrug. Sommige is oormatig nederig, sommige skuil agter brille en hoede en ander is selfs opdringerig.

Dan wonder ek, het ons so afgestomp geraak dat ons hul situasie afmaak met ŉ opmerking soos "ons sal die armes altyd met ons hê" of selfs veroordelend sê die mense is te lui is om te werk. Miskien moet ons eers ŉ myl in hul skoene gaan stap voor ons ŉ oordeel fel.

Dit bring my weer by die musiek. Ds Kobus het nou die dag by ŉ vergadering vir ons die volgende gedig gelees van Malcolm Guite:

"Begin the song exactly where you are.
Remain within the world of which you're made
Call nothing common in the earth or air,
Accept it all and let it be for good.
Start with the very breath you breathe in now,
This moment's pulse, this rhythm in your blood
And listen to it, ringing soft and low.
Become an open singing-bowl, whose chime
Is richness rising out of emptiness,
And rimlessness resounding into time.
And when the heart is full of quietness
Begin the song exactly where you are."

Dit het my herinner aan toe ek nog by die Dept. Korrektiewe dienste musiekterapie met langtermyngevangenes gedoen het. Die mense was so geïnstitusionaliseerd dat hulle nie meer die geluide van voëls kon onthou of die reuk van blomme kon herroep nie.

So raak mense in slegte omstandighede totaal afgestomp en is hul nie meer in staat om uit daardie kringloop los te kom nie.

Dan wens ek dat ons almal op die een of ander manier musiek (letterlik of figuurlik) in hierdie mense se ore kan wees deur ons gebede, dit wat ons vir hulle, oor hulle en van hulle sê en ook deur ons dade en manier van lewe.

Groete
Alda Boer, Direkteur Versorging